



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

GEOGRAFIE V1

NOVEMBER 2016

PUNTE: 225

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye en 'n 11 bladsy-bylae.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae.
2. Beantwoord ENIGE DRIE vrae van 75 punte elk.
3. Alle diagramme is in die BYLAE ingesluit.
4. Laat 'n reël oop tussen die onderafdelings van vrae wat jy beantwoord.
5. Begin ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Nommer die antwoorde in die middel van die reël.
8. MOENIE in die kantlyne van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.
9. Teken volledig benoemde diagramme wanneer dit vereis word.
10. Beantwoord in VOLSINNE, tensy jy moet noem, identifiseer of 'n lys moet maak.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: KLIMAAT, WEER EN GEOMORFOLOGIE

Beantwoord ten minste EEN vraag in hierdie afdeling. Indien jy EEN vraag in AFDELING A beantwoord, moet jy TWEE vrae in AFDELING B beantwoord.

VRAAG 1

- 1.1 Verwys na FIGUUR 1.1, wat 'n grafiek met weerstoestande in die volwasse stadium van ontwikkeling van 'n tropiese sikloon toon.
- 1.1.1 Noem die tipe neerslag by **A**.
 - 1.1.2 Noem waar die hoogste windspoed in die grafiek aangeteken is.
 - 1.1.3 Benoem die vernaamste wolktipe wat gebied **B** omring.
 - 1.1.4 Gee die term wat lugbeweging na **B** toe beskryf.
 - 1.1.5 Gee 'n rede vir die lugbeweging by **B**.
 - 1.1.6 In watter gebied ondervind die tropiese sikloon die laagste lugdruk?
 - 1.1.7 Waarom daal lug in gebied **B**? (7 x 1) (7)
- 1.2 Verwys na FIGUUR 1.2, wat 'n gedeelte van 'n rivier toon.
- 1.2.1 Noem die loop van die rivier wat in FIGUUR 1.2 uitgebeeld word.
 - 1.2.2 Benoem rivieroewer **B**.
 - 1.2.3 Gee 'n rede vir die afgesette materiaal by rivieroewer **A**.
 - 1.2.4 Beskryf die vorm van rivieroewer **B**.
 - 1.2.5 Noem EEN kenmerk van 'n rivierkanaal wat in 'n deursnit tussen **A** en **B** gesien kan word.
 - 1.2.6 Het riviererosie of -afsetting oorspronklik die hoefystermeer (**C**) gevorm?
 - 1.2.7 Noem EEN verskil tussen 'n *hoefystermeer* en 'n *meandergroef*.
 - 1.2.8 Wat word die nou gebied **D** tussen die rivierkronkels genoem? (8 x 1) (8)

- 1.3 FIGUUR 1.3 is 'n sketskaart wat bergwindtoestande toon.
- 1.3.1 Noem TWEE toestande sigbaar op die sketskaart, wat nodig is sodat bergwinde kan ontwikkel. (2 x 1) (2)
- 1.3.2 Teken 'n benoemde deursnit om die ontwikkeling van bergwinde langs die ooskus van Suid-Afrika te verduidelik. (4 x 1) (4)
- 1.3.3 Waarom kom bergwinde die waarskynlikste in die winter voor? (1 x 2) (2)
- 1.3.4 Verduidelik in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls waarom bergwinde as 'n bedreiging vir boerderygemeenskappe langs die ooskus van Suid-Afrika beskou word. (4 x 2) (8)
- 1.4 FIGUUR 1.4 toon 'n middelbreedtesikloon.
- 1.4.1 Watter bewys in die diagram dui aan dat Kaapstad winter ondervind? (1 x 1) (1)
- 1.4.2 Het front **X** of front **Y** die grootste invloed op Kaapstad se weer? (1 x 1) (1)
- 1.4.3 Die weardiens voorspel uiterste weerstoestande vir Kaapstad. Noem TWEE van hierdie verwagte weerstoestande. (2 x 2) (4)
- 1.4.4 Verduidelik hoe die uiterste weerstoestande die mense wat in informele nedersettings in Kaapstad woon, sal beïnvloed (2 x 2) (4)
- 1.4.5 Verduidelik waarom daar 'n verskil sal wees in die weer wat by Kaapstad en by Mosselbaai ondervind word. (2 x 2) (4)
- 1.5 Bestudeer FIGUUR 1.5, wat op dreineerbekkers gebaseer is.
- 1.5.1 Definieer die term *dreineerbekkers*. (1 x 1) (1)
- 1.5.2 Het dreineerbekken **A** (noord van die waterskeiding) of dreineerbekken **B** (suid van die waterskeiding) die hoogste dreineerdigheid? (1 x 1) (1)
- 1.5.3 Noem EEN faktor wat moontlik kon bygedra het tot die hoë dreineerdigheid van die dreineerbekkers wat in VRAAG 1.5.2 geïdentifiseer is. (1 x 2) (2)
- 1.5.4 Bepaal die stroomorde by **Z** in dreineerbekkers **B**. (1 x 2) (2)
- 1.5.5 Verwys na dreineerbekkers **A** en noem die verhouding tussen stroomorde en die:
- (a) Strooimengtes (1 x 2) (2)
- (b) Getal strome (1 x 2) (2)
- 1.5.6 Evalueer die uitwerking van 'n langdurige droogte op die stroomorde by punt **Y** in dreineerbekkers **A**. (2 x 2) (4)

- 1.6 Verwys na FIGUUR 1.6, wat riviergradering en die lengteprofiel van 'n rivier toon.
- 1.6.1 Gee 'n geografiese term wat die onreëlmatige vorm van lengteprofiel **B** beskryf. (1 x 1) (1)
- 1.6.2 Noem 'n tydelike basisvlak wat in lengteprofiel **B** sigbaar is. (1 x 1) (1)
- 1.6.3 Watter bewys dui daarop dat verjonging in lengteprofiel **A** plaasgevind het? (1 x 2) (2)
- 1.6.4 Beskryf, met redes, die veranderinge wat 'n rivierkronkel ná verjonging sal ondergaan. (2 x 2) (4)
- 1.6.5 Verduidelik, in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, die prosesse wat die gegradeerde rivier in profiel **C** gehelp het om 'n steil gradiënt in die boloop en 'n geleidelike gradiënt in die benedeloop te hê. (4 x 2) (8)
- [75]**

VRAAG 2

- 2.1 Verwys na FIGUUR 2.1 oor stadsklimate.

Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

- 2.1.1 Die skets toon 'n (dag/nag)-toestand.
- 2.1.2 Die inversielaag word snags op 'n (hoër/laer) hoogte aangetref.
- 2.1.3 Die inversielaag (verhoog/verlaag) snags die besoedelings-konsentrasie oor die stad.
- 2.1.4 Die verhitting van die stad by **B** is die gevolg van (veelvuldige hitteweerkaatsings/aardstraling).
- 2.1.5 Die kanalisering van wind tussen hoë geboue (verhoog/verlaag) die windspoed.
- 2.1.6 Temperatuur (styg/daal) van **B** na **C**.
- 2.1.7 Die invloed van evapotranspirasie op lugafkoeling sal (kleiner/groter) wees by **B** in vergelyking met **C**.
- 2.1.8 Gebied **B** word met (groter/kleiner) wolkbedekking geassosieer in vergelyking met gebied **C**. (8 x 1) (8)

- 2.2 Bestudeer FIGUUR 2.2 wat drie tipes riviere met die name **X**, **Y** en **Z** toon.
- 2.2.1 Watter rivier (**X**, **Y** of **Z**) is episodies? (1) (1)
- 2.2.2 Watter rivier (**X**, **Y** of **Z**) vloei slegs in die reënseisoen? (1) (1)
- 2.2.3 Watter rivier (**X**, **Y** of **Z**) is slegs van oppervlakwater afhanklik? (1) (1)
- 2.2.4 Watter rivier (**X**, **Y** of **Z**) vloei regdeur die jaar? (1) (1)
- 2.2.5 Watter rivier (**X**, **Y** of **Z**) vloei slegs vir 'n baie kort tydperk? (1) (1)
- 2.2.6 Noem die rivier (**X**, **Y** of **Z**) waarin die watertafel regdeur die jaar die kanaal sny. (1) (1)
- 2.2.7 Watter rivier (**X**, **Y** of **Z**) toon tussen seisoene die grootste verandering in watervlak? (7 x 1) (7)
- 2.3 Bestudeer FIGUUR 2.3, wat die invloed van hellingsaspek in 'n vallei in die Suidelike Halfrond (30°S) toon.
- 2.3.1 Definieer die term *hellingsaspek*. (1 x 1) (1)
- 2.3.2 Watter hang in FIGUUR 2.3 ontvang direkte sonstrale? (1 x 1) (1)
- 2.3.3 Verwys na die hang wat 'skadusone' in die prent genoem word.
- (a) Gee 'n rede vir die hoë grondvoghoud op hierdie hang. (1 x 2) (2)
- (b) Waarom is daar 'n gebrek aan menslike aktiwiteit in die skadusone ten spyte van die hoë grondvoghoud? (1 x 2) (2)
- 2.3.4 Gee 'n moontlike rede vir die ligging van die plaashuis op die valleibodem. (1 x 2) (2)
- 2.3.5 Uit 'n klimatologiese oogpunt, verduidelik in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls waarom die ligging van die plaashuis en die omliggende plaasgrond op die valleibodem nie noodwendig ideaal is nie. (4 x 2) (8)

- 2.4 Verwys na FIGUUR 2.4, wat 'n sinoptiese weerkaart toon.
- 2.4.1 Identifiseer hoogdrukstelsel **V**. (1 x 1) (1)
- 2.4.2 Identifiseer die laagdrukstelsel by weerstasie **X**. (1 x 1) (1)
- 2.4.3 Verwys na die hoogdrukstelsel by **V**.
- (a) Gee EEN rede vir die bestaan daarvan. (1 x 2) (2)
- (b) Hoe beïnvloed hierdie hoogdrukstelsel weerstoestande oor die binneland in die wintermaande? (2 x 2) (4)
- 2.4.4 Verwys na die laagdrukstelsel by weerstasie **X**.
- (a) Gee 'n rede vir die windrigting by **X**. (1 x 2) (2)
- (b) Verduidelik die hoë temperatuur wat by weerstasie **X** ondervind word. (2 x 2) (4)
- 2.5 FIGUUR 2.5 is 'n skets wat twee dreineringspatrone toon.
- 2.5.1 Wat is 'n *dreineringspatroon*? (1 x 1) (1)
- 2.5.2 Benoem dreineringspatroon **A** en **B**. (2 x 1) (2)
- 2.5.3 Gee bewyse uit die diagramme om jou keuses in VRAAG 2.5.2 te ondersteun. (2 x 2) (4)
- 2.5.4 Vergelyk die onderliggende rotsstrukture van dreineringspatroon **A** en **B** in die skets. (2 x 2) (4)
- 2.5.5 Teken 'n eenvoudige, benoemde boaansigskets van 'n dreineringspatroon wat in 'n geplooid landskap sal ontwikkel. (2 x 2) (4)
- 2.6 FIGUUR 2.6 is 'n foto van 'n rivierkanaal.
- 2.6.1 Gee TWEE bewyse wat toon dat die rivierkanaal in sy benedeloop is. (2 x 1) (2)
- 2.6.2 Verwys na die riviersamevloeiing by **A**.
- (a) Wat is 'n *riviersamevloeiing*? (1 x 1) (1)
- (b) Waarom sal oorstromings meer waarskynlik by hierdie riviersamevloeiing voorkom? (1 x 2) (2)
- 2.6.3 Gee 'n rede waarom die bome op die rivieroewers belangrik is om oorstromings te beheer. (1 x 2) (2)
- 2.6.4 Evalueer, in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, die rol van gereelde oorstromings in die handhawing van die gesondheid van 'n rivier en sy omliggende vloedvlakte. (4 x 2) (8)

[75]

AFDELING B: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS EN SUID-AFRIKAANSE EKONOMIESE GEOGRAFIE

Beantwoord ten minste EEN vraag in hierdie afdeling. As jy EEN vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy TWEE vrae in AFDELING A beantwoord.

VRAAG 3

- 3.1 Bestudeer FIGUUR 3.1. Pas die beskrywings hieronder by die byskrifte in FIGUUR 3.1. Skryf die byskrif langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 3.1.1 Beweging van mense van landelike gebiede na stede
 - 3.1.2 Beweging van mense van stede na landelike gebiede
 - 3.1.3 'n Term wat die fisiese groei van 'n stad beskryf
 - 3.1.4 'n Verval gebied aan die buitewyke van die SSK
 - 3.1.5 Verwys na die modernisering van ou huise deur ryk mense
 - 3.1.6 'n Verskynsel wat stedelike uitbreiding verhinder
 - 3.1.7 Opknapping van geboue om migrasie te verminder en die stedelike omgewing te verbeter
 - 3.1.8 Die persentasie toename van mense wat in stede woon (8 x 1) (8)
- 3.2 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.7) in die ANTWOORDEBOEK.
- 3.2.1 Die verspreiding van nywerhede weg van kerngebiede af staan as nywerheid-(sentralisasie/desentralisasie) bekend.
 - 3.2.2 'n Inisiatief wat industrialisasie langs hoofroetes aanmoedig, word (ruimtelike-ontwikkelingsinisiatiewe/nywerheidsontwikkelingsones) genoem.
 - 3.2.3 Nywerhede wat tussen die grondstof en die klant geleë is, word (brug-/alomteenwoordige) nywerhede genoem.
 - 3.2.4 'n Olieraffinadery word as 'n (swaar/ligte) nywerheid geklassifiseer.
 - 3.2.5 'n Voedselverwerkingsfabriek is 'n (primêre/sekondêre) ekonomiese aktiwiteit.
 - 3.2.6 Die sektor van die ekonomie wat met navorsing en ontwikkeling geassosieer word, is die (tersiêre/kwaternêre) sektor.
 - 3.2.7 'n Steenkoolkragstasie is (grondstof/mark)-gerig. (7 x 1) (7)

- 3.3 FIGUUR 3.3 beeld verskillende tipes landelike nedersettings uit.
- 3.3.1 Watter bewys dui daarop dat **B** 'n droëpuntnedersetting is? (1 x 1) (1)
- 3.3.2 Noem TWEE sosiale voordele daarvan om in nedersetting **B** te woon. (2 x 1) (2)
- 3.3.3 Verwys na nedersetting **C**.
- (a) Identifiseer die vorm van die nedersetting by **C**. (1 x 1) (1)
- (b) Stel 'n rede voor vir die langwerpige (lang en smal) vorm van die individuele plase in nedersetting **C**. (1 x 2) (2)
- (c) Verduidelik waarom die plase by **C** waarskynlik gronderosie sal ondervind. (2 x 2) (4)
- 3.3.4 Daar is besluit om die bestaande pad in die boeredorpie by **B** te verbeter. Verduidelik hoe en waarom dié besluit die boeredorpie se klassifikasie in die stedelike hiërargie sal verander. (2 x 2) (4)
- 3.4 Bestudeer FIGUUR 3.4, wat 'n informele nedersetting in Indië toon.
- 3.4.1 Wat is 'n *informele nedersetting*? (1 x 1) (1)
- 3.4.2 Noem EEN basiese diens wat moontlik by 'n informele nedersetting ontbreek. (1 x 1) (1)
- 3.4.3 Verduidelik waarom onwettige elektrisiteitsaansluitings ook algemeen in informele nedersettings in Suid-Afrika voorkom. (2 x 2) (4)
- 3.4.4 Verduidelik waarom die veiligheidsbeampte voldoende rede gehad het om die inwoner van die informele nedersetting te beboet. (1 x 2) (2)
- 3.4.5 Evalueer, in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, hoe die inwoners en hulle aktiwiteite in informele nedersettings die omgewing negatief beïnvloed. (4 x 2) (8)
- 3.5 Lees die uittreksel in FIGUUR 3.5, wat op mynbou in Suid-Afrika gebaseer is.
- 3.5.1 Gee TWEE redes in die uittreksel vir die afname in die bydrae van mynbou tot die BBP. (2 x 1) (2)
- 3.5.2 Noem EEN fisieke faktor wat 'n myner se lewe ondergronds in gevaar kan stel. (1 x 2) (2)
- 3.5.3 Bespreek TWEE moontlike redes vir die stygende insetkoste van arbeid. (2 x 2) (4)
- 3.5.4 Skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls en bespreek die direkte en indirekte bydrae van mynbou tot die BBP van Suid-Afrika. (4 x 2) (8)

- 3.6 Bestudeer FIGUUR 3.6, wat op informele handel in Suid-Afrika gebaseer is.
- 3.6.1 Waarom het Metrorail-veiligheidswagte die straatverkopers se stalletjies afgebrand? (1 x 1) (1)
- 3.6.2 Gee 'n rede waarom die Khayelitsha-spoorwegstasie ideaal geleë is vir informele handel. (1 x 1) (1)
- 3.6.3 Waarom beskou Metrorail informele handel as 'n 'bykomende finansiële las'? (2 x 1) (2)
- 3.6.4 Wat verklap die woorde ' 'n Straatverkoper slaan vasberade haar lekkergoedstalletjie op' oor haar sosio-ekonomiese omstandighede? (1 x 2) (2)
- 3.6.5 Stel TWEE maniere voor waarop informele handelaars bygestaan kan word. (2 x 2) (4)
- 3.6.6 Evalueer waarom die Suid-Afrikaanse regering in die toekoms informele handel moet aanmoedig. (2 x 2) (4)
- [75]**

VRAAG 4

4.1 Mense wat in groot stedelike gebiede woon, ondervind daaglik verskillende probleme.

Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.7) in die ANTWOORDEBOEK neer.

4.1.1 Verkeersopeenhopings is kenmerkend van die (landelik-stedelike oorgangsones/SSK).

4.1.2 Geraasbesoedeling vererger in die (ligte/swaar)nywerheidsone.

4.1.3 Oorbesetting is 'n gevolg van stedelike (groei/uitbreiding).

4.1.4 Informele nedersettings in Suid-Afrika word gewoonlik (in die stadskern/aan die buitewyke van stede) aangetref.

4.1.5 Verkeersopeenhopings in groot stedelike nedersettings kan opgelos word deur die aantal (eenrigtingstrate/verkeersligte) te vermeerder.

4.1.6 Lugbesoedeling in 'n stad kan verminder word deur meer (groen gordels/nywerheidsparke) te ontwikkel.

4.1.7 Die toenemende behoefte aan dienste en infrastruktuur is die grootste in (informele nedersettings/hoë-inkomste residensiële gebiede). (7 x 1) (7)

4.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.2.1–4.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 4.2.9 D.

4.2.1 Mynbou is 'n onttrekkingsaktiwiteit wat 'n voorbeeld van die ... ekonomiese sektor is.

- A primêre
- B sekondêre
- C tersiêre
- D kwaternêre

4.2.2 Watter EEN van die volgende is kenmerkend van die tersiêre sektor?

- A Bosbou
- B Vervaardiging
- C Navorsing
- D Vervoer

4.2.3 Die buitelandse mark waar produkte buite Suid-Afrika verkoop word, staan as die ...-mark bekend.

- A tuis
- B invoer
- C uitvoer
- D streeks

4.2.4 'n Voorbeeld van 'n toegevoegdewaarde-produk:

- A Mielies
- B Sojabone
- C Brood
- D Sonneblomsaad

4.2.5 Die Maputo-ontwikkelingskorridor verbind die ...-nywerheidstreek met die hawe in Maputo.

- A PWV
- B Durban-Pinetown
- C Port Elizabeth-Uitenhage
- D Suidwes-Kaap

4.2.6 Die hoofvervaardigingsnywerheid in die Port Elizabeth-Uitenhage-gebied is ...

- A yster- en staalproduksie.
- B motorvoertuigmontering.
- C die inmaak van vis.
- D suikerraffinering.

4.2.7 'n Nywerheid wat gevestig kan word waar die vervoerwyses verander, staan as 'n ... nywerheid bekend.

- A alomteenwoordige
- B grondstofgerigte
- C brug-
- D onafhanklike

4.2.8 ... moedig industrialisasie langs hoofroetes aan.

- A Ruimtelike-ontwikkelingsinisiatiewe
- B Nywerheidsontwikkelingsones
- C Groeipunte
- D Dekonsentrasiepunte

(8 x 1) (8)

- 4.3 FIGUUR 4.3 is op stedelike uitbreiding gebaseer.
- 4.3.1 Noem TWEE kenmerke van die SSK (**A**). (2 x 1) (2)
- 4.3.2 Gee 'n rede waarom die vinnigste groei langs die hoofpaaie plaasvind. (1 x 2) (2)
- 4.3.3 Bespreek TWEE sentrifugale kragte wat ekonomiese aktiwiteite vanaf die SSK na die hoofpaaie toe dryf. (2 x 2) (4)
- 4.3.4 Waarom word daar na die gebied met ou geboue rondom die SSK as die oorgangsonse verwys? (1 x 2) (2)
- 4.3.5 Stel TWEE redes voor vir die nuwe stedelike ontwikkeling wat in die toekoms in gebied **B** aan die buitewyke van die stad sal plaasvind. (2 x 2) (4)
- 4.4 Bestudeer FIGUUR 4.4, wat ongebreidelde/onplanmatige stedelike uitbreiding vanaf 1980 tot 2020 in 'n stedelike nedersetting toon.
- 4.4.1 Definieer die begrip *ongebreidelde/onplanmatige stedelike uitbreiding*. (1 x 1) (1)
- 4.4.2 Beskryf die uitwerking van ongebreidelde/onplanmatige stedelike uitbreiding op geboudigtheid in hierdie stedelike nedersetting. (1 x 1) (1)
- 4.4.3 Gee 'n moontlike rede waarom gebied **A** nie in 1980 vir stedelike ontwikkeling gebruik is nie. (1 x 2) (2)
- 4.4.4 (a) Watter straatpatroon vir 2020 sal die geskikste vir gebied **A** in die diagram wees? (1 x 2) (2)
- (b) Gee EEN rede vir jou antwoord op VRAAG 4.4.4(a). (1 x 2) (2)
- 4.4.5 Evalueer, in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, die uitwerking wat ongebreidelde/onplanmatige stedelike uitbreiding in 2020 op die natuurlike omgewing by **A** sal hê. (4 x 2) (8)
- 4.5 Bestudeer FIGUUR 4.5, wat huidige tendense in die Suid-Afrikaanse landbouproduksie toon.
- 4.5.1 Watter gewas in Suid-Afrika toon sedert 2014 'n toename in produksie? (1 x 1) (1)
- 4.5.2 Noem die gewas wat vanaf 2014 tot 2015 die grootste afname in produksie getoon het. (1 x 1) (1)
- 4.5.3 Noem die verhouding tussen gewasopbrengs en hektaar beplant vir die tydperk 2014 tot 2015. (1 x 2) (2)
- 4.5.4 Gee TWEE moontlike redes vir jou antwoord op VRAAG 4.5.3. (2 x 2) (4)
- 4.5.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, stel maatreëls voor wat toegepas kan word om gewasproduksie te verbeter om in die behoeftes van die groeiende Suid-Afrikaanse bevolking te voorsien. (4 x 2) (8)

4.6	Die PWV/Gauteng-nywerheidstreek dra die meeste tot die Suid-Afrikaanse BBP by. Dit is slegs moontlik gemaak deur die probleem van waterskaarste in die streek te oorkom.		
4.6.1	Waarvoor staan die afkorting <i>PWV</i> ?	(1 x 1)	(1)
4.6.2	Watter mineraal se ontdekking het tot die ontwikkeling van die PWV/Gauteng-nywerheidstreek gelei?	(1 x 1)	(1)
4.6.3	Noem EEN mineraal wat jy bestudeer het en verduidelik hoe dit tot nywerheidsontwikkeling in hierdie gebied bygedra het.	(2 x 2)	(4)
4.6.4	Verduidelik hoe die probleem van waterskaarste in die PWV/Gauteng-nywerheidstreek oorkom is.	(2 x 2)	(4)
4.6.5	Verduidelik die bydrae van hierdie nywerheidstreek tot die ekonomiese groei van Gauteng.	(2 x 2)	(4)
			[75]
		TOTAAL:	225



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12


GEOGRAFIE V1

NOVEMBER 2016

BYLAE


Hierdie bylae bestaan uit 11 bladsye.

FIGUUR 1.1: VOLWASSE ONTWIKKELINGSTADIUM VAN 'N TROPIESE SIKLOON




[Bron: Eksaminator se eie skets]

FIGUUR 1.2: GEDEELTE VAN 'N RIVIER




[Aangepas uit easymapwork.blogspot.com]

FIGUUR 1.3: BERGWINDTOESTANDE




[Aangepas uit www.wikipedia.org]

FIGUUR 1.4: MIDDELBREEDTESIKLOON




[Aangepas uit *Geography of Africa* deur WJ Minns]

FIGUUR 1.5: DREINEERBEKKENS




[Bron: Eksaminator se eie skets]

FIGUUR 1.6: RIVIERGRADERING EN LENGTEPROFIELE VAN 'N RIVIER




[Aangepas uit alevelgeography.com]

FIGUUR 2.1: STADSKLIMATE




[Bron: Eksaminator se eie skets]

FIGUUR 2.2: TIPES RIVIERE




[Bron: Eksaminator se eie skets]

FIGUUR 2.3: 'N VALLEI IN DIE SUIDELIKE HALFROND (30°S)




[Aangepas uit www.classicjetcharters.com]

FIGUUR 2.4: SINOPTIESE WEERKAART




[Aangepas uit materiaal van die SAWB]

FIGUUR 2.5: DREINERINGSPATRONE




[Aangepas uit kgs.ku.edu]

FIGUUR 2.6: RIVIERKANAAL




[Aangepas uit www.clarkandlewis.com]

FIGUUR 3.1: STEDELIKE EIENSKAPPE




[Aangepas uit garsidej.wordpress.com]

FIGUUR 3.3: Tipes LANDELIKE NEDERSETTINGS



[Aangepas uit *Themes in Human Geography*]

FIGUUR 3.4: 'N INFORMELE NEDERSETTING IN INDIË



[Aangepas uit www.inclusivebusinesshub.org]

FIGUUR 3.5: MYNBOU IN SUID-AFRIKA**HERNUWING VAN DIE SA MYNBOUBEDRYF**

Vrydag, 11 September 2015, 18:21

Die Suid-Afrikaanse mynbou- en mineraalbedryf was vir langer as 'n eeu die basis van die Suid-Afrikaanse ekonomie. Mynbou dra ongeveer 17%, beide direk en indirek, tot die bruto binnelandse produk (BBP) van die land by.

Die Suid-Afrikaanse mynbousektor staan voor groot uitdagings as gevolg van die huidige daling in kommoditeitspryse. Platinum-, steenkool-, yster- en goudmarkte word beïnvloed. Die toename in insetkoste, soos arbeid en direkte en indirekte energieverwante koste, saam met laer produktiwiteitsvlakke, het 'n negatiewe uitwerking op die sektor.

Alhoewel daar deur die jare verbeterings in mynbou was, is dit steeds baie afhanklik van tradisionele ontginningsmetodes, wat arbeidsintensief en duur is en risiko's vir werkers se veiligheid en gesondheid inhou.

[Aangepas uit www.csir.gov.za]

FIGUUR 3.6: INFORMELE HANDEL IN SUID-AFRIKA**METRORAIL BRAND STRAATVERKOPERS SE STALLETJES AF**

Nombulelo Damba/WCN




'n Straatverkoper slaan vasberade haar lekkergoedstalletjie op tussen die uitgebrande oorblyfsels van stalletjies van straatverkopers wat by die Khayelitsha-stasie deur Metrorail-veiligheidswagte afgebrand is.

Metrorail-veiligheidswagte word daarvan beskuldig dat hulle ongeveer 50 stalletjies afgebrand het waar straatverkopers by die Khayelitsha-spoorwegstasie handel gedryf het. Dit het daartoe gelei dat baie verkopers die voorraad wat hulle snags daar toegesluit het, verloor het.

Metrorail beweer dat die straatverkopers onwettig op Metrorail-eiendom handel gedryf het en dat 'rommel en afval' verbrand is. Metrorail het gesê dat die gebrek aan formele handelsfasiliteite tot oormatige rommelstrooiing gelei het, wat 'n gesondheidsrisiko ingehou het, en dat dit 'n 'bykomende finansiële las' geword het.

[Aangepas uit www.wcn.co.za]

FIGUUR 4.3: STEDELIKE UITBREIDING




[Bron: Eksaminator se eie skets]

FIGUUR 4.4: ONGEBREIDELDE/ONPLANMATIGE STEDELIKE UITBREIDING



[Bron: Onbekend]

FIGUUR 4.5: LANDBOUPRODUKSIE



[Bron: Mail & Guardian, 4 September 2015]



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

GEOGRAFIE V1

NOVEMBER 2016

MEMORANDUM

PUNTE: 225

Hierdie memorandum bestaan uit 21 bladsye.

Marking Guidelines

The following marking guidelines have been developed to standardise marking in all provinces.

Marking

- ALL selected questions MUST be marked, irrespective of whether it is correct or incorrect
- Candidates are expected to make a choice of THREE questions to answer. If all questions are answered, ONLY the first three questions are marked.
- A clear, neat tick must be used: ✓
 - If ONE mark is allocated, ONE tick must be used: ✓
 - If TWO marks are allocated, TWO ticks must be used: ✓✓
 - The tick must be placed at the FACT that a mark is being allocated for
 - Ticks must be kept SMALL, as various layers of moderation may take place
- Incorrect answers must be marked with a clear, neat cross: ✕
 - Use MORE than one cross across a paragraph/discussion style questions to indicate that all facts have been considered
 - Do NOT draw a line through an incorrect answer
 - Do NOT underline the incorrect facts
- Where the maximum marks have been allocated in the first few sentences of a paragraph, place an **M** over the remainder of the text to indicate the maximum marks have been achieved

For the following action words, ONE word answers are acceptable: **give, list, name, state, identify**

For the following action words, a FULL sentence must be written: **describe, explain, evaluate, analyse, suggest, differentiate, distinguish, define, discuss, why, how**

The following action words need to be read within its context to determine whether a ONE word answer or FULL sentence is required: **provide, what, tabulate**

Totalling and transferring of marks

- Each sub-question must be totalled
 - Each question has six sub-sections, therefore six sub-totals per question required
 - Sub-section totals to be written in right hand margin at the end of the sub-section and underlined
 - Sub-total must be written legibly
 - Leave room to write in moderated marks on different levels
- Total sub-totals and transfer total to top left hand margin next to question number
- Transfer total to cover of answer book

Moderation

Marking on each level of moderation is done in the same way as the initial marking. All guidelines for marking must be adhered to.


If a mark for a sub-question is changed after moderation, the moderator must strike through the marker's mark and write down the new mark. 44 16

AFDELING A: KLIMAAT, WEER EN GEOMORFOLOGIE**VRAAG 1**

- 1.1 1.1.1 Reën/ (donder)storms (1)
- 1.1.2 Rondom die oog/Rondom gebied Boogmuur(1)
Oogmuur (1)
[ENIGE EEN]
- 1.1.3 Cumulonimbus/Cb (1)
- 1.1.4 Konvergensie (1)
Daling (1)
[ENIGE EEN]
- 1.1.5 Lug beweeg na 'n laagdrukgebied (1)
Bolug divergensie veroorsaak daling (1)
Intensiewe laagdruk veroorsaak dat lug ingesuig word en dan daal (1)
[ENIGE EEN]
- 1.1.6 B/oog (1)
Sentrum van die tropiese sikloon (1)
[ENIGE EEN]
- 1.1.7 Bolugdivergensie laat die lug daal/koeler lug is swaar (1)
Intensiewe laagdruk veroorsaak dat lug ingesuig word en dan daal (1)
[ENIGE EEN] (7 x 1) (7)
- 1.2 1.2.1 Benedeloop/ou stadium (1)
- 1.2.2 Stootower (1)
- 1.2.3 Water beweeg stadiger daar (1)
Drakrag verminder (1)
Oewer is vlak (1)
[ENIGE EEN]
- 1.2.4 Konkaaf (1)
- 1.2.5 Wydte (1)
Diepte (1)
Oewervorms (1)
Simmetrie (1)
[ENIGE EEN]
- 1.2.6 Erosie (1)
- 1.2.7 'n Hoefystermeer het water (1)/ 'n meandergroef is droog (1)
[ENIGE EEN]
- 1.2.8 Die meandernek (1) (8 x 1) (8)

- 1.3 1.3.1 Die teenwoordigheid van die hoogdrukseel (Kalahari/Kontinentale Hoog) oor die binneland (1)
Die teenwoordigheid van die kuslaagdruk langs die kus (1)
Die naderende koue front/middelbreedtesikloon (1) (2 x 1) (2)

1.3.2



4 punte vir ENIGE VIER byskrifte (soos hierbo aangedui). (4 x 1) (4)

- 1.3.3 Kalahari Hoog domineer oor die land in die Winter(2)
'n Sterk drukgradiënt bestaan tussen die binneland en kusstreke (2)
Koue fronte domineer in die Winter (2)
Drukgordels beweeg verder noord (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)
- 1.3.4 Baie warm, droë winde word met brandgevaar geassosieer (2)
Mense word ontwortel a.g.v. veldbrande (2)
Brandrisiko's verhoog versekeringskoste (2)
Gewasse word vernietig (2)
Lewende hawe brand dood (2)
Weiding word vernietig (2)
Boere eindig op sonder boerdery-implemente as gevolg van brande (2)
Landbouproduksie verminder/Verlaag produktiwiteit (2)
Verlies aan inkomste (2)
Baie bestaansboere sonder inkomste gelaat (2)
Bestaansboere het geen voedselbronne nie (2)
Ongemak a.g.v. hoë temperature (1)
Dehidrasie/ontwatering van werkers (2)
Meer water word benodig vir besproeiing en het finansiële implikasies (2)
Plantegroei droog uit a.g.v. wind (2)
Grondkwaliteit verlaag (2)
Versnel gronderosie (2)
[ENIGE VIER] (4 x 2) (8))

- 1.4 1.4.1 Teenwoordigheid van die koue front naby aan die land (1)
Die middelbreedte sikloon is naby aan die land (1)
[ENIGE EEN] (1 x 1) (1)
- 1.4.2 X (1) (1 x 1) (1)
- 1.4.3 Swaar reënval/Donderstorms (2)
Donderweer/Weerlig (2)
Uiters/Baie lae temperature (2)
Moontlikheid van sneeu (2)
Hael (2)
Stormsterk-/Baie sterk winde (2)
Cumuluonimbuswolke/Swaar wolke (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 1.4.4 Oorstromings kan lei tot die vernietiging van huise en eiendom (2)
Gronderosie lei daartoe dat grond wegspoel (2)
Paaie onbegaanbaar as gevolg van swaar reën (2)
Uiterste koue weer dwing mense om oop vure en gas te gebruik (2)
Kwesbaar vir brande en die afbrand van krotte (2)
Sterk winde waai die krotte weg en laat mense haweloos (2)
Hawelose mense blootgestel aan uiterste weerstoestande/lae temperature/
swaar reën (2)
Mense kan siek word (2)
Meer mense doodgeskok a.g.v. onwettige konneksies (2)
Traumatisering a.g.v. verliese (2)
Mense moet ontruim a.g.v. vloede (2)
Duur om verliese te herwin (2)
Gebrek aan skoon/veilige water (2)
Kan tot waterdraende siektes lei (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
